**Verrassingsaanbod !**
1 Aandpak (Grootte vyf.)
2 Aandhemde 15½ Boordjie.
*Vir Damesstudente:*
'n Klein besending wol langkouse in grys en vleiskleur. Sien ons vensters.
**Die Eikestadwinkel**
**(Edms.) Bpk.**
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL IV, No. 13. VRYDAG, 2 JUNIE 1944. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

## SKITTERENDE HOOGTEPUNTE IN KUNSWEDSTRYD

### Uitblinkers in elke Kunsafdeling

**DIS 90%, 95%, JA 100% !**

Die jongste kunswedstryd — ongetwyfeld die mees geslaagde wat nog op Stellenbosch gehou is — word hierdie week afgesluit. Vanaand en môreaand vind in die C.S.V.-Murraysaal en die Stadsaal onderskeidelik die Junior en Senior pryswennerskonserte plaas, by welke geleenthede van die allerbeste talent, wat meegeding het, sal optree. Die gehalte wat voorgedra is in alle klasse was deurgaans besonder hoog, en hierdie twee konserte beloof om andermaal hoogtepunte in die jaar se kunsbedrywighede op Stellenbosch te wees — vir die eerste keer sedert die voltooiing van die stadsaal is daar selfs plekke op die verhoog bespreek.

Veral verblydend vir die organiseerders was die groot aantal inskrywings wat van nuwelinge ontvang is, te meer waar dit nuwe en onbeheerde talent was wat die toon deurgaans aangegee het. Baie van die vorige pryswenners moes hierdie keer voor die jongeres die vlag stryk: voorwaar 'n verskynsel wat baie vir die toekoms van kuns en musiek op Stellenbosch inhou.

KLAVIER EN SOLOSANG

In die mansafdelings, wat in teenstelling met vorige jare besonder baie inskrywings getrek het, het twee eerstejaarstudente, mnre. B. Verster en Serfontein, mooi gepresteer in die klasse vir solosang. In die solosang vir dames het mej. Anna Immelman weereens die toon aangegee, maar mej. Martina Roos, wat in twee klasse presteer het, en mej. Ella de Wet dien ook hier vermeld te word.

In die afdelings vir klavier was nuwelinge ook vir 'n paar eersterangse prestasies verantwoordelik, nl. mnre. Louis Steyn en Hennie Joubert. Mnr. Steyn het met 'n skitterende vertolking 'n eerste prys in die ope solo behaal, terwyl hy saam met mnr. Joubert ook die duet op twee klaviere in die onder 19 klas gebuit het. Bekende staatmakers, o.a. mejj. June Strauss en Laetitia Vosloo en mnr. Alby Louw het ook in hulle verskillende klasse presteer.

WONDERLIKE KOORSANG

Dit was egter in die afdelings vir koorsang dat 'n hoogtepunt in die kunswedstryd bereik is. Onder leiding van dr. G. C. Cillié, Jnr., het die Universiteitskoor weereens van deeglike afrigting getuig en 92% in een klas behaal. Dit sou nie regverdig wees om enige van die ander kore wat meegeding het weg te laat in hierdie bespreking nie, want sowel die kleuterkore, (en hulle was pragtig!), as die verskillende skoolkore, koshuiskore en serenade-kore het eenvoudig sang gelewer uit die boonste rakke. Sou ons egter moes melding maak van uitblinkers, dan verdien, naas die reeds-genoemde Universiteitskore, die koshuiskoor van Greylock en die serenade-kore van mnre. John Pauw en Philip MacLachlan 'n besondere plekkie. Kom luister maar môre-aand na „Liebesträume" van Liszt!

Die mededinging in die afdeling Volkspele en Volksdans was ook vanjaar besonder skerp. Die Jan Pierewiet-geselskap het die hoogste persentasie in een klas behaal, maar die Hester Morrison laer met verskeie pryse het werklikwaar die beoordelaars verras. Besonder melding moet ook gemaak word van die uitvoerings deur die skoliere gelewer: seker hoef die jonges niks vir die oueres hier agteruit te staan nie!

SKILDER, BEELDHOU....

In die afdeling skilderkuns is skitterende prestasies gelewer deur S. Wiid, mev. M. Beyers en W. Hofmeyr ,(lg. het vir een werkie 100% behaal). Ook mej. Kotzé het baie goeie werk gelewer — het u haar *pot roseknoppe* gesien? Uitstaande beeldhouwerk is gelewer deur Ella van der Merwe (wat ook goed gepresteer het in skilder), W. de Villiers wat uitgeblink het in gebakte kleiwerk en die jong seun Bam van Riviersonderend.

Die hele naaldwerkafdeling is deur Huis-de-Villiers beheers met sulke dametjies soos mejj. H. de Wet, Bergmann, E. Röth, S. Marais, Verwey en de Bruyn. Mejj. Wildner, Röth en Wilkens het elk 90% behaal, terwyl mev. J. P. J. van Rensburg 95% behaal het, asook mej. Koba Mostert wat 'n stukkie perfekte werk gelewer het.

Maar die algemene gehalte was deurgaans so hoog in alle afdelings, dat dit onmoontlik is om al die verdienstelikes te noem.

HULDE AAN HULLE!

Ten slotte kan daar nie nagelaat word, om hier hulde te bring aan die twee persone wat die hele reuse-onderneming moontlik gemaak het deur hulle onvermoeide pogings, nl. dr. W. Kempen, voorsitter van die Kunswedstrydkomitee en sy ywerige sekretaresse, mej. S. Pienaar. Hierdie twee persone is grootliks daarvoor verantwoordelik dat die kunswedstryd op Stellenbosch herlewe het en die peil bereik het van die laaste paar jare. Laat die studentegemeenskap van Stellenbosch sy waardering en dank betuig vir die werk wat gedoen is deur die konserte vanaand en môre-aand hartlik te ondersteun.

### A.N.S. teen Kommunisme !

- **Donderdagaand, 8 Junie om 7.30 vind daar in die C.S.V.-saal 'n vergadering plaas onder beskerming van, en gereel deur, die A.N.S.**
- **Prof. Murray van U.K. en mnr. Wynand Louw, bekende argitek van die Paarl, spreek die vergadering toe oor....**
- **....DIE KOMMUNISME!!**

**U mag nie wegbly nie! Sorg dat u daar is! Bring u maats saam!**

## Soektog van Studente en Voortrekkers

Verlede Woensdagmiddag het 'n tweejarige klonkie skielik spoorloos verdwyn. Na 'n ywerige maar onsuksesvolle soektog het die plaaslike polisie die Voortrekkers en die O.B.-studente-kommando genader om hulp. Spoedig was ongeveer 80 ywerige Voortrekkers en vrywillige studente en lede van die O.B.-kommando gereed en hulle het 'n uitgebreide soektog op tou gesit.

Donderdagmiddag om ongeveer 4-uur is die lykie van die klonkie gevind in die rivier op 'n plaas 'n paar myl uit die dorp. Blykbaar het hy in die rivier geval en 'n entjie afgedryf in die rivier.

## Verdere Kommunistiese Opruiery in Naturellegebiede

Volgens verklaring van die *Sekretaris van Naturellesake (mnr. D. L. Smit)* onlangs voor die Gekose Komitee oor Staatsrekeninge, is daar onheilspellende faktore op die oomblik werksaam in sommige naturellegebiede.

Op 'n vraag van sowel mnr. Werth as mnr. Louw het genoemde beampte laat blyk dat daar politieke agiteerders werksaam is, en hoewel die sekr. nie name wou noem en die die saak *direk openbaar nie* (terwille van persoonlike verleentheid) het hy tog toegestem dat daar Kommunistiese opruiery geskied wat baie las veroorsaak vir die Naturelle-administrasie.

## BEKENDE DIGTER VOOR DEBATSVERENIGING

By geleentheid van die kultuuraand wat verlede Vrydagaand onder die beskerming van die Debatsvereniging gehou is, het mnr. N. P. van Wyk Louw, bekende Afrikaanse digter, 'n besonder interessante verhandeling gelewer oor die onderwerp: Oorspronklikheid, Navolging en Beïnvloeding in die letterkunde. Hy het die drie begrippe duidelik definieer en daarna die belangrikheid van elk in die letterkunde behandel. O.a. het hy daarop gewys dat so 'n groot letterkundige figuur soos Shakespeare letterlik groot stukke uit ander werke oorgeneem het. Sy oorspronklikheid lê egter in die verwerking van die materiaal wat hy tot sy beskikking gehad het. Verder is verwys na die verskynsel van navolging soos dit in die literatuur voorkom. Hier is as voorbeeld genoem die slaafse navolging van Leipoldt deur Afrikaanse digters op 'n sekere tydstip. Alle gedigte in tydskrifte van daardie tyd het die duidelike Leipoldt-stempel gedra.

Beïnvloeding word dikwels aangetref. Reeds het dit die tema van belangrike werke geword soos die thesis van dr. W. E. G. Louw en bly 'n interessante rigting vir ondersoek.

As slotwoord het die spreker gesê dat wat ons Afrikaanse letterkunde aangaan, ons nie moet strewe na ultraoorspronklikheid nie, maar eerder moet gebruik maak van soveel werke in soveel tale as wat ons kan behartig om daaruit 'n eie styl op te bou.

'n Kenmerk van die verrigtings was die verskeie musiek items wat deur pryswenners op die plaaslike kunswedstryd gelewer is. Mej. A. Scheepers het 'n viool solo, mej. Kotze 'n sang solo en mej. Cluwer 'n klavier solo, elk van hoë gehalte, gelewer.

*Maties!*
**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**
DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch

INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN
by die
UITSPAN
*Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -*
**Boeretroos na Boeresport.**

**DIE EIKE KAFÉ**
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

*Skeer-Lemmetjies*
*Pakkie van 5, 9½d,*
*In karton-dosies van 20 pakkies van 5 lemmetjies elk, 15/10*
***HORLOSIES***
*Ons het 'n wonderlike keuse van beste en gewaarborgde Switserse Armband-horlosies*
VANAF £1-1-0 TOT £7-0-0
**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Die Plaza**
Foon 0013.
George Washington Slept Here
JACK BENNY
ANN SHERIDAN
*Vrydag en Saterdag*
*2 en 3 Junie*
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

*Goeie Raad!*
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
*Ons hele Staf is tot u diens!*
Pro Ecclesia-Drukkery
Pastoriestraat, Stellenbosch.

## DIE MATIE

Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.

Deel IV. 2 JUNIE 1944. No. 13

## AGSTE STELLENBOSSE KUNSWEDSTRYD

Die agste kunswedstryd het weereens nuwe hoogtepunte in die bestaan van die Stellenbosse Kunswedstryd opgelewer. Hierdie jaarlikse hoëre prestasies en gedurige vordering kom natuurlik voor in die geleidelike uitbouings- en ontwikkelingsproses van dié noodsaaklike, positiewe kultuurdaad.

Die kunswedstryd op Stellenbosch het gegroei uit die instelling van jaarlikse landswye kultuurdagvierings deur die F.A.K. in 1928. Hierdie vierings het egter alleenlik die vorm van toespraakdae aangeneem en veral plaaslik is die hopelose ontoereikendheid van so 'n „kultuurbelewing" — 'n toespraak en die opwekking van 'n tydelike emosie — baie skerp gevoel. Spoedig is dit dan ook vervang deur tableaux-voorstellinge deur die verskillende koshuise, en musiek en voordragnommers is in die programme geïnkorporeer. Vername elemente van 'n kunswedstryd is dus reeds hier ingehou, en die ontdekking van goeie talent en vaardigheid het die idee van 'n kunswedstryd laat ontstaan. Die groot gedagte was aanvanklik om so 'n groot deel as moontlik van die gemeenskap aan die viering te laat deelneem, en sodoende 'n mate van omvattende positiewe verdieping in kultuursake eenkeer per jaar te bewerkstellig.

Toe eers eenmaal daartoe oorgegaan is om verskeie afdelings van kuns in te skakel, het ander kunselemente spoedig vorentoe getree vir inskakeling sodat die kunswedstryd vandag definitief aan alle talent op watter gebied ook al moontlikheid van mededinging en geleentheid tot selfontdekking bied. Menige bekende kunstenaar is dan op die Stellenbosse kunswedstryd ontdek — ons kan slegs enkeles noem: Arnold van Wyk, wat reeds 'n groot mate van bekendheid verwerf het, het vir die eerste keer in die openbaar opgetree onder die kunswedstryd; Hubert du Plessis is feitlik 'n produk van die kunswedstryd; Siebert Wiid, die talentvolle jong skilder, het reeds in sy skooljare aan die kunswedstryd deelgeneem.

Deurdat so 'n groot aantal deelnemers ingeskakel word (vanjaar was daar ongeveer 2,000 inskrywings) word aan almal die geleentheid gebied om tot meerdere kennis en begrip te kom van die verskillende kunssoorte en norme van wat as kultuur bestempel word. Die holle woord kultuur neem nuwe betekenis aan — die standaard van kennis, begrip en aanvoeling word opgehef. En dan volg die landswye waarde: vanuit Stellenbosch versprei mense oor ons hele land om dié waardes verder te distribueer. Dan sien ons die terugkaatsing van die kultuurwaardes wat uitgegaan het van die Stellenbosse kunswedstryd as inskrywings van oor ons hele land die kunswedstryd toestroom.

In sake van kultuur is geen groot sprong moontlik nie — al is al die kennis reeds daar, tog moet die volk deur elke stamelende stappie ontwikkel. En jaar na jaar is die verdere stappies merkbaar in die kunswedstryd — die ontwikkeling van die letterkunde, musiek, voordrag, sang, skilder en beeldhoukuns, in alle afdelings van die Afrikaanse kultuur met sy nuwere waardes.

Die pryswennerskonserte vanaand en môreaand sluit die agtste Stellenbosse kunswedstryd af; dan is alles agter die rug, al die organisasie, al die mededinging, al die opgewondenheid — *maar die kultuurdaad en -diens sal voortlewe en volgende jaar sal op 'n hoër fondament voortgebou word tot die bereiking van nuwe hoogtes.*

# Die Oorlog

## BRITTANJE EN RUSLAND

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

In ons laaste artikel is daar kommentaar gelewer op die merkwaardige raadgewing aan Rusland van veldm. Smuts in sy jongste Birminghamse redevoering: ,,Laat die stem van Tolstoi tot Rusland en tot ons spreek liewer as die stem van Karl Marx, wat buitendien nooit 'n Rus was en ook nooit van Rusland was nie.''

Sedert Smuts se toespraak was Brits-Russiese verhoudings weereens die onderwerp van belangrike redevoerings in Londen. In 'n twee-daagse debat in die Britse Laerhuis oor die buitelandse beleid het sowel premier Churchill as die minister van buitelandse sake, Eden, veel aandag aan hierdie onderwerp gewy.

### CHURCHILL EN EDEN OOR RUSLAND

Volgens die Britse Premier sou die oorlog, na mate dit vorder, minder ideologies van aard geword het. ,,Diepgaande veranderings het in Rusland plaasgevind. Die Trotskiistiese vorm van kommunisme is totaal uitgewis.'' Die uitkyk van die Bolsjewistiese staat sou ,,'n merkwaardige verruiming'' ondergaan het. Ook die ,,godsdienssy van die Russiese lewe'' sou 'n ,,wonderlike wedergeboorte'' beleef het.

Minister Eden was nie minder uitgesproke nie. Ook hy wil ,,graag die nouste en volste samewerking met Rusland hê.'' Hy erken egter dat daar sekere moeilikhede bestaan — moeilikhede wat in die eerste plek — die erfenis van agterdog is.'' Hy praat selfs van 'n ,,berg van agterdog''. ,,Daar is ook'', volgens Eden, ,,verskille in die regeringsvorm, in die houding teenoor die individu, teenoor die pers en so meer. Dit is betreklike groot verskille en dit sal beter pas om dit sonder meer onder die oë te sien. Daar is egter iets anders wat oorweeg moet word, naamlik dat in die drie groot wêreld-uitbarstings — die Napoleontiese oorloë, die vorige wêreldoorlog en hierdie oorlog — ons saam vir dieselfde doel geveg het deur te verhinder dat een man of een moondheid die hele Europa domineer.'' Aldus die Britse minister van buitelandse sake.

### LOFLIEDERE VIR ONGELOWIGE THOMASSE BEDOEL?

Wat sit agter hierdie Britse lofliedere oor Bolsjewistiese voortreflikheid en Brits-Russiese samewerking? Is dit dan nie vanselfsprekend dat 'n bondgenoot hierdie voortreflike eienskappe besit nie en dat samewerking met hierdie bondgenoot ook na die oorlog geen aanbeveling nodig het nie? Die antwoord op hierdie vrae is dat daar in Amerika en Brittanje nog altyd baie ongelowige Thomasse is wat in Bolsjewistiese voortreflikheid nie glo nie en dat hierdie lofliedere in die eerste plek vir hierdie Thomasse bedoel is. Denkende mense soos veldm. Smuts moet oortuig word dat die Russiese Kolos baie onskadelik is en dat sy stem nie meer dié van die Duitse Jood Karl Marx nie, maar dié van die Russiese idealis Tolstoi is.

Die ongelowige Thomasse het egter goeie geheuenisse. Hulle onthou no[g] die baie onaangename dinge wat i[n] Amerika en Brittanje teen die Bolsje[wiste] gesê en geskryf is, natuurlik voo[r] Rusland ons bondgenoot geword het. Baie van hierdie ongelowige Thomass[e] onthou waarskynlik nog hoe Churchil[l] self vroeër teen die Bolsjewiste uitge[...] vaar het. Vandaar dat die Ruslan[d] van 1944 voorgestel word as die bekeer[...] ling, as die verlore seun wat tot di[e] geledere van die Angel-Saksiese ge[...] meenskap van fatsoenlikheid terugge[...] keer het, as die boetvaardige wa[t] voortaan ,,voor het goede'' sal wees.

### WAT VERSWYG WORD

In hierdie lofliedere word sommig[e] dingetjies nogal uit die oog verloor. As Eden die Britte herinner aan Brit[s-] Russiese samewerking ,,in die dri[e] groot wêreld-uitbarstings — die Napo[-] leontiese oorloë, die vorige wêreldoor[-] log en hierdie oorlog —'' dan het h[y] versuim om hulle ook aan iets ander[s] te herinner, nl. Brits-Russiese vyand[-] skap en oorlog na 1918 toe die bond[-] genote die Bolsjewisme van 'n vroeër[e] bondgenoot met wapengeweld wou uit[-] delg. As Churchill vandag beweer da[t] ,,die godsdienssy van die Russiese lew[e] 'n wonderlike wedergeboorte ondergaa[n] het'', dan moet hy òf baie sleg ingeli[g] wees òf teen sy beterwete praat. I[n] die werk van Maurice Hindus ,,Mother Russia'', in 1944 uitgege[e] lees ons o.a. die volgende: ,,From the[ir] very first days in power . . . . th[e] Bolsheviks perceived in the Russia[n] Church one of their most formidabl[e] enemies . . . Now, after a quarter o[f] a century of Sovietism, the politic[al] relations between the Soviets and th[e] Church are more than cordial. Bu[t] this cordiality does not, in this writer['s] judgment indicate a revival of religio[n] in Russia or an end to the conflic[t] between religion and Bolshevism . . . In matters of principle and doctrin[e] authority holds a supreme position i[n] Russia. It is authority which make[s] and unmakes law and not the revers[e]. Ultimate, final, irrevocable authorit[y] is vested at present in four men: Mar[x,] Engels, Lenin, and Stalin. Their ut[-] terances are the court of last reso[rt] in all doctrinal or ideological di[s-] putes.'' (blss. 268—269.) Aldus 'n b[e-] wonderaar van die Bolsjewistiese Ru[s-] land.

Die redevoerings van die Brit[se] staatsmanne ten opsigte van Ruslan[d] getuig voorts: Eerstens, 'n politie[ke] en ideologiese bollemakiesie wat eni[ge] jare gelede moeilik denkbaar wa[s]. Tweedens, 'n Britse afhanklikheid wa[t] hom Russiese beledigings en verklein[e-] rings insake Pole, Suid-Slawië en[...] laat welgeval. En derdens, 'n defaiti[s-] tiese gespartel teen die gevaar dat da[ar] in Europa, waarvan Brittanje deel ui[t-] maak, maar slegs een groot moondhe[id] na hierdie oorlog sal wees, nl. Ruslan[d] of Duitsland. Teen hierdie grootma[g] sal daar vir Brittanje geen gro[ot] moondhede as bondgenote op Europ[a] wees nie. Sy idee van magsewewig ma[g] iets van die verlede wees.

## PREEKBEURTE

SONDAG, 4 JUNIE

**Moederkerk:**
10.30 v.m.: Prop. F. G. M. du To[it]
7 n.m.: Dr. D. R. Snyman.

**Nuwekerk:**
10.30 v.m.: Ds. A. F. Louw, s[...]
7 n.m.: Ds. A. F. Louw, j[...]

**Rook Springbok-Sigarette**

## DUBBELMEDIUM OF ENKELMEDIUM?

'n Vuurwarm taalstryd met die probleemvraag: „moet ons enkelmediumonderwys in ons skole handhaaf of moet ons dubbelmedium invoer?" is tans aan die gang. Hoe om te verhoed dat dubbelmedium ingevoer word, is die strydfront vir die politikus en die taalstryder; om te sê of die hele saak opvoedkundig en sielkundig in die haak is, is die taak van die opvoedkundige. Ondanks talryke argumente word die kernprobleem heel dikwels verbygesien. Wat word dan eintlik bedoel met stellings soos die volgende: Dubbelmedium is sielkundig en taalkundig verkeerd; die kind word in die ontwikkeling en ontplooiing van sy gedagte-inhoude en denke gestrem; deur medium van 'n tweede taal spreek ons nie so direk tot die gees van die kind nie. Sonder om tegnies te raak wil ek kortliks op hierdie kwessie ingaan. Ons beskou die saak van die standpunt van die Afrikaanssprekende skoolkind.

Die Afrikaanssprekende kind groei op in 'n Afrikaanse taalatmosfeer met 'n tipiese Afrikaanse omgewing, tradisie en 'n eie manier van dinge doen en sê. Kortom, die kind is vasgegroei aan en vergroeid met sy spesifieke omgewing, kultuur, taal, allerhande taalsentimentjies en taaleienaardighede. As sodanig staan hy in 'n baie noue „psigiese" verhouding tot sy kultuur en taalomgewing. Die Afrikaanssprekende sien die wêreld anders as die Engelssprekende. Word hy in sy moedertaal aangespreek, roep die bekende klanke onmiddellik die beleefde en deurleefde ervarings, gewaarwordinge, sentimente en assosiasies in hom wakker — dinge wat slegs moontlik is as die mees direkte kanaal, die moedertaal, gebruik word. Aldus vind die beste taalaktiwiteite en geesteswerksaamheid plaas. Die kind kom op hierdie wyse die naaste aan 'n totaalbeeld van die hele situasie. Woorde, b.v. „hond," „pratery," „suipery," „Jan-hulle" ens. het sekere begrippe, inhoude en gevoelswaardes wat alleen deur ervaring tot stand gekom het. In die klankgroep „hont" is dus vasgelê en ge-assosieer die begrip waardeur dit moontlik word om die klanke „hont" met 'n beeld van hierdie bekende dier te verbind.

Gestel ons sou die letters andersom rangskik en die klankgroep „nhod" kry, dan is dié klankgroep nie in staat om as simbool vir 'n hond diens te doen nie: die klanke is leeg want die begrip en inhoud is daar uit. 'n Klankgroep sonder 'n begrip is leeg omdat daar deur ervaring nog nie inhoud aan verleen is nie.

Indien ons nou, sê b.v. Suid-Afrikaanse geskiedenis deur Engelsmedium onderrig, hoor die kind 'n hele boel minderbekende klanke waarvan die ervarings tussen klank, begrip en voorwerp swak ervaar is met vaaghede en yle inhoude. Omdat die assosiasie-verbande vaag is, moet hy groter geestes-energie en inspanning aan die dag lê om die inhoude te probeer snap. Sy oor lê 'n groter beslag op die klanke ten koste van die inhoude self. Van die kant van die kind as hoorder van gedagtes en mededeler van gedagte-inhoude vereis dubbelmedium letterlik dubbele inspanning waardeur die denke veel gestrem kan word.

Laat die kind die tweede taal as 'n nuttige gebruiksmiddel aanleer, maar verhoed dat die geesteskanale waardeur mededelings en gedagte-inhoude werk, belemmer word.

Nee, met die taal hang meer saam as wat dit op die oog lyk. Dit gaan hier om die hele taalatmosfeer waarin die Afrikaanssprekende of Engelssprekende leef en beweeg. Dit geld die hele saak van volk, volksverband en alles wat daarmee saamhang. Dit is die geval van 'n verhouding volk—taal. Maar hieroor later meer.

F. J. LE ROUX.

## Oud-„Volkies" Stig Bond

Verlede Vrydagaand het 'n aantal oud-skoliere van die Hoër Volkskool, Heidelberg, Tvl., 'n gesellige dinee in die C.S.V. koffiehuis gehad. By die geleentheid was mnr. Willie Muller, die voorsitter van die Hoofbestuur van die Oud-Volkiebond (hy is ook 'n oud-Matie en tans van die redaksie van „Die Transvaler") aanwesig, en op sy voorstel is oorgegaan tot die stigting van 'n tak van die bond op Stellenbosch. Mnr. W. J. Rousseau is gekies as plaaslike organiseerder. Daar is ook besluit om 'n telegram van gelukwensing aan die skoolhoof, mnr. Stephen Eyssen, te stuur; hy het gedurende die week sy verjaarsdag op Pretoria gevier.

## WEET U?

U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike middele belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.

## CALV. STUDENTE-VER.

- Datum: Maandag 5 Junie, 8-uur.
- Plek: Ou Leeskamer.
- Tema: „Christus en die Owerheid."
- Spreker: Mnr. C. Colijn.

Vir die maak van u volgende
○ Paar Sandale
○ Stewels
○ Skoene
BESOEK
LUBBE
die deskundige skoenmaker en repareerder
Foon 440

Alfred Blommaert,
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

## Onder Onsies

Mej. Zanny le Grange van Huis-de-Villiers, wat vir die afgelope paar weke vir 'n blindedermoperasie in die plaaslike hospitaal was, is tans weer op die been en terug in die koshuis.

* * *

Mej. Ferrie Brecher het verlede Saterdag verjaar en by dié geleentheid etlike maats van Huis-de-Villiers onthaal.

* * *

Dinsdagaand het die jaarlikse huisdans van Sonop plaasgevind in die banketsaal. Die hele funksie was 'n skitterende sukses, en die uitstekende saalversierings het 'n aangename atmosfeer geskep. Die eregaste was prof. Van Rensburg en dr. en mev. Wagner.

* * *

Aan mare. Marius Krige en J. A. Nel is elk 'n beurs van £100 deur die Hoof-veearts van Windhoek geskenk vir navorsing in S.W.A. aan die einde van die jaar.

* * *

Mej. Sally van Tonder, van „Die Uitspan," het onlangs by geleentheid van haar verjaardag 'n groot aantal vriende gesellig onthaal.

* * *

Die Matie wil hiermee Peet van der Walt, kaptein van ons le voetbalspan hartlik gelukwens met sy insluiting in die Wes-Kaapland-span wat môre teen Boland optree.

Darters
Pleinstraat, Stellenbosch
Vir waarde in
* Boeke
* Skryfbehoeftes
* Kunsmateriaal

GROOT
# Verskeidenheids-konsert
(Onder beskerming van die Voortrekkers)

SANG DEUR
**GLADYS HUGO**
met
**JOAN VAN NIEKERK**
AS PIANISTE.

Viool, Voordrag en ander aantreklikhede deur plaaslike talent, die Stellenbossche Boere-Orkes en die Jan Pierewietgeselskap.

in die
**STADSAAL**
op
**9 Junie 1944**
om presies agtuur.

Bespreek by die
**C.S.V.-BOEKHANDEL**
Toegang:
PUBLIEK 3/-. STUDENTE 2/-. SKOLIERE 1/-.
(Vrygestel van belasting)

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies

Dames raadpleeg
TANT MITA
voor u materiaal koop en Bespaar!
Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.
Recreationsgebou,
PLEINSTRAAT.

MATIES!!!
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
Verseker U van vertroubare dienste.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

Die C.S.V.-BOEKHANDEL
kan u naas u
Voorgeskrewe Boeke
en Skryfbehoeftes
ook voorsien met
Leerartikels
van alle soorte.
•
Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye
en ander prente ook in voorraad.
•
Die C.S.V. - Boekhandel

Rook Springbok-Sigarette

# Sportmanne In Die Nuus

## Chris (Tiekie) Muller

Aan die einde van die tennisseisoen 1943-44 het tenniskenners in die W.P. eenparig saamgestem dat die blonde Stellenbosser, Chris Muller, of liewer Tiekie, soos hy alom bekend staan, onteenseglik die uitstaande speler van die Westelike Provinsie was.

Muller is op 26 Junie 1916 in die Eikestad gebore. Sy vader was wyle dr. Tobie Muller, 'n bekende voetbalspeler van eertyds en spanmaat van die onsterflike Japie Krige. Op vroeë leeftyd het Tiekie al die raket hanteer en in sy Juniormatriekjaar het hy sy plek in die plaaslike hoërskool se eerstespan saam met Dawie Krige en Fanie van der Spuy ingeneem. In daardie jaar het die eerste skoolspan ook vir die eerste keer die du Toit-Interkoshuisbeker verower, deur die Universiteitkoshuisspelers die onderspit te laat delf.

In 1934 sit hy sy studies verder voort aan die universiteit en tree die seisoen gereeld vir die tweedespan as enkelspeler op. In 1935 kom hy egter vir die eerste keer op die voorgrond toe hy die knie in die finaal van die universiteitskampioenskappe teen Freddie Kirsten (nou prof.) in 'n taaibevegte wedstryd moes buig. Muller se eerste groot wedstryd was op Rondebosch en wel teen Norman Wehmeyer in dieselfde jaar. Die ou veteraan het egter gou klaargespeel met die jong Stellenbosser in reguit stelle.

Gedurende die 1936 — 1937 seisoen het hy afwisselend as tweede en derde enkelspeler opgetree vir U.S. In 1937 het hy 'n interessante tennistoer deur die Oostelike Provinsie meegemaak, en onder andere teen 'n span van Queenstown opgetree, wat met uitsondering van een, almal Grens-spelers was. In hierdie wedstryd het Tiekie hom deeglik laat geld.

In die W.P.-kampioenskappe wat aan die begin van 1938 plaasgevind het, het Muller saam met Dawie Krige tot in die halfeindrondte deurgedring. In een van die hardste en aanskoulikste wedstryde van sy tennisloopbaan in die W.P. is hulle naelskraaps in vyf stelle deur Alan Milne en Billy Muller, die uiteindelike wenners van die titel, geklop.

Nadat Muller in Junie 1938 sy M.A. (Geskiedenis) met lof behaal het, het hy in September van dieselfde jaar met die S.S. „Windhuk" na Engeland vertrek vir sy doktorale studie aan die Oxfordse Universiteit. Hy het intrek geneem in die Worcester College. Aan die begin van die akademiese jaar (wat in Engeland in Oktober 'n aanvang neem) het Muller dadelik aandag getrek deur die „Freshmen's Tournament," wat uitgeskryf word deur Oxford, te wen. Gedurende die winter het hy vir Worcester College se eerste voetbalspan opgetree, maar sodra die tennisseisoen aangebreek het, het hy hom weer ernstig op die sportsoort toegelê.

Interessant is die omstandighede wat oorsaak was dat Muller sy kans gekry het om te toon waartoe hy werklik in staat was. 'n Besoekende County-span sou 'n wedstryd teen die Oxfordse Universiteit speel, maar terelfde ure kon een van die besoekers nie speel nie. Die dienste van Muller is bygeroep en die wedstryd het 'n aanvang geneem. Bo verwagting in het Tiekie en sy maat daarin geslaag om 'n sterk B-paar van die Universiteit te klop. Hulle het egter nog groter naam verwerf toe hulle die A-paar, King en Briggs, in een van die spannendste, en vir Muller een van die belangrikste, wedstryde met 2—6, 8—6, 6—3 uitgestof het. King het toe net kort vantevore vir Quist, die Australiese kampioen, geklop, en Briggs was 'n bekende speler op Wimbledon. Hierdie wedstryd het vir die besoekende span die oorwinning besorg, en vir Muller sy plek in die eerstespan. Hy sou ongetwyfeld sy kleure („blues") verwerf het as dit nie was dat hy in Junie 1939 na S.-A. met vakansie vertrek het nie, en die oorlog middelerwyl sy verdere oorsese studie verydel het.

Aan die begin van die 1939—1940 seisoen bevind Muller hom weer in die Maties se eerstespan, en die jaar slaag die Maties vir die eerste keer vandat hy vir die eerstespan optree, daarin om die Ikeys met Intervarsity die loef af te steek. Gedurende 1940 kon hy weens drukke akademiese werksaamhede nie die nodige aandag aan sy tennis gee nie, maar in die daaropvolgende jaar bereik hy 'n hoogtepunt wat hy, volgens homself, nognie weer ewenaar het nie. In die Universiteitskampioenskappe dien hy sy ou teenstander, Daantjie Maartens, in die eindwedstryd, 'n geweldige loesing met 6—0, 6—0, 6—0 toe. Net een keer verloor hy gedurende daardie jaar, en wel teen Louis van der Walt, die bekende Suid-Afrikaanse en Suid-Transvaalse tennisspeler, in die botsing om die Wilcocksbeker op Stellenbosch tussen S.-A. universiteite. In die ligawedstryde het hy met gedugte spelers soos Billy Muller en Norman Wehmeyer afgereken. Laasgenoemde moes in 'n sprankelende wedstryd met 6—4, 6—4 die stryd gewonne gee. Hy is ook in 1941 as no. 2 enkelspeler in die W.P.-span ingesluit wat op Wellington teen Boland gespeel het.

Begin 1942 behaal Muller saam met Maartens, een van sy hoogste prestasies in die tenniswêreld deur hulle weg oop te spook na die finaal van die W.P.-mansdubbelspelkampioenskap. Hierdie uithaler Matiepaar moes egter die knie buig teen so 'n sterk paar as Alan Milne en Pat Hughes. Dit was die eerste keer sedert 1897 dat Matie-tennisspelers aan die eindronde van 'n W.P.-kampioenskap deelgeneem het. In daardie jaar het Andrew Rowan en J. M. Hofmeyr die kampioenskap van die W.P. gebuit. Hy is ook gekies aan die einde van 1942 om in die afwesigheid van Milne as no. 1 enkelspeler die W.P. teen die Boland te verteenwoordig.

Gedurende 1943 het Tiekie onoorwonne deur die seisoen gegaan wat die enkelspel betref en in die gemengde dubbelspel die prestasie herhaal sonder om 'n enkele stel prys te gee. Grootliks as gevolg van sy inspirerende entoesiasme het Stellenbosch verlede jaar die eerste keer in die geskiedenis van die klub die W.P. Groot-Uitdaagkampioenskap gebuit, en vanjaar die Gemengde Kompetisie van die W.P.

Dit is feitlik onmoontlik om 'n Matie-tennisspan sonder hierdie gevierde speler voor te stel. Die klub het ook sy vooruitgang in die jongste tyd veral te danke aan die onbaatsugtige en onverdeelde trou wat hy aan hulle bewys het.

Muller het deur volharding en intensiewe oefening stadig na die hoogste sport in die tennisleer geklim. Sy sukses kan veral toegeskryf word aan sy geweldige konsentrasievermoë en 'n wil om te wen. Nie soseer egter om sy prestasies as om sy groot sportmansgees is hy vandag allig een van die gewildste persone op die tennisbaan.

*J. D. S.*

# VOETBAL

## Wes-Kaapland teen Boland

Die Bolanders is vanjaar vasbeslote om hulle trotse prestasies van weleer te herwin, en die keurkomitee het hierdie keer ook gesorg dat hulle die Bolandse span in alle afdelings netso sterk as moontlik maak. Die voorspelers wat môre diens doen boesem veral baie meer vertroue in as dié van verlede jaar.

Boland het vanjaar ook 'n besonder sterk agterlyn met senters van die kaliber van Flappie Lochner en Hannes Bruwer. Lochner sal vir sy span van groot waarde wees vanweë sy lang ondervinding en vermoë om voor- en agterspel so te koördineer dat die hele span glad fungeer. Bruwer se voet weer is vir enige interprovinsiale span punte werd en dit is gladnie onmoontlik dat hy môre een of twee skepskoppe deur die pale mag klits nie. Mike Cronje en Ehlers is 'n skakelspan wat al baie voorheen saamgespeel het en ken mekaar se spel haarfyn. Van der Walt en Wahl van Wes-Kaapland sal bepaald hul spore en nog meer as dit moet volstaan as hulle nie uitoorlê wil word nie. Die laaste vesting word deur Daantjie Barnard verdedig, wat 'n baie handige agterspeler is.

As 'n mens die Wes-Kaaplandse agterlyn in oënskou neem kry jy dadelik die idee van aanvalsvermoë. V. d. Spuy en Amie Gonin is ou bekendes, wat weet hoe om van 'n opening gebruik te maak, terwyl C. B. Louw en Rian Malherbe vleuels is wat sommer laagvat vereis om hulle van die witstreep weg te hou. Peet van der Walt (losskakel) het verlede seisoen net een interprovinsiale wedstryd gespeel — gevolglik sal daar gesien moet word of sy insluiting in 'n interprovinsiale span geregverdig is. Oor Wahl se keuse as skrumskakel val daar nie veel te sê nie. Piet Neethling wat as heelagter optree is op die oomblik miskien nie so goed op stryk nie, maar hy bly nog altyd 'n speler wat onverwags met die skitterendste spel voor die dag mag kom.

Wes-Kaapland mag miskien weer die louere wegdra, maar hulle sal vind dat dit dié slag nie so maklik sal gaan nie.

HENDRIKZ
Foon 95.
vir
* Elektriese Benodighede
* Radio en alle Elektriese Reparasies
Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP
Onthou ! K.W.V.-
Eau de Cologne is 'n
besonder aangename
en welriekende parfuum

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

Tandepasta in Buisies
Hierdie week kan ons die volgende
TANDEPASTA IN BUISIES aanbied:
Kolynos, Macleans, Squibbs, Gibbs, Colgates,
Pepsodent, Philips Milk of Magnesia, Forhams,
Pearlgleam, Listerine.
Saam met elke buisie sal 'n blikkie poeier verkoop word
Slegs EEN buisie per persoon. Ons vaste klante kry voorkeur
Die pastas sal alleen verkoop word op Vrydag- en Saterdagoggend
tot om 10 uur, in die Mansafdeling.

Spesiale ontruiming
18 Rex-Sportbaadjies was 85/- te ontruim teen 65/-
36 „ „ 109/6 „ 82/6
20 „ „ 112/6 „ 84/-

Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.
Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 21.

HALDENWANG
•
HEERLIKE GEBAK—NET
WAT U HART BEGEER
•
Kom besoek ons winkel in
PLEINSTRAAT
en probeer ons Koek, Tert,
Vleispasteitjies en alles wat
lekker is.
•
(Foon 135)

Maties !
Die
Victoria Katee
Vir
* Vars Vrugte
* Smaaklike Lekkers
* Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER
Onthou
Die Biljart Salon